# DIE KONSEKWENT PROBLEEMHISTORIESE METODE VAN FILOSOFIESE HISTORIOGRAFIE

Prof. B.J. van der Walt

*ABSTRACT*

*To the question as to why it should be necessary to study the history of philosophy, the answer is given that this study reveals to us the struggles of philosophers with the great issues of life, and this leads to the conclusion that this study is essential and valid. The Christian philosopher also has to know pagan philosophies because our own day is so fraught with them.*

*The consistent problemhistorical method is tested as to whether it is Scriptural and philosophical (Vollenhoven's method is explicated here). It is pointed out that Vollenhoven uses the following means to pinpoint a philosopher to include in his consideration: period, trend or school and type. The conclusion is reached that the consistent problem-historical method does justice to the history of philosophy. The article is concluded with a critical look at the pros and cons of this method, and the author states unequivocally that Calvinist philosophy would have been much impoverished without this method.*

Wanneer 'n mens in 'n pragtige inheemse bos wandel, kan jy maklik verward raak tussen al die soorte voëls wat jy daar aantref - tensy jy met Prozesky se *A field guide to the birds of Southern Africa* of *Roberts' birds of South Africa* toegerus is. Ewe-eens sal jy nie al die verskillende soorte bome kan uitken nie - behalwe as jy bereid is om Coates Palgrave se lywige *Trees of Southern Africa* saam te dra!

Die geskiedenis van die Westerse filosofie laat 'n mens in baie opsigte dink aan 'n digte oerwoud met 'n ryke verskeidenheid plantegroei. Om sommer lukraak een van

die baie voetpaadjies te volg sal jou nêrens bring nie. 'n Mens het 'n betroubare gids nodig om nie hopeloos te verdwaal nie.

Die regte metode kan dalk help om reg te begin en met die regte deurweg anderkant uit te kom. Die bedoeling is om in hierdie artikel een so 'n metode, naamlik die konsekwent probleemhistoriese, waarvan Dirk Hendrik Theodoor Vollenhoven (1892-1978) van die Vrije Universiteit in Amsterdam die vader was, te behandel.

Aangesien nie al die filosowe in my gehoor op hoogte is van die metode nie en hier ook ander wetenskappers as filosowe teenwoordig is, sal ek die soms ingewikkelde metode so eenvoudig moontlik probeer weergee: alleen die hooftrekke, die kleinere besonderhede word weggelaat. Die ingewydes moet maar vergewe as hulle as gevolg van my popularisering daarvan naderhand die indruk kry dat die hande nog wel die van Vollenhoven is maar die stem die van iemand anders!

Om die besondere van die metode duideliker na vore te bring sal ek dit af en toe ook met ander metodes van wysgerige historiografie vergelyk.

## INLEIDEND

### Waarom geskiedenis van die filosofie?

Voordat ons die vraag beantwoord *hoe* 'n mens die geskiedenis van die filosofie behoort te bestudeer, is dit egter nodig om eers 'n ander kwelvraag te beantwoord: *Waarom* moet ons ons met die geskiedenis van die wysbegeerte bemoei? As dit nie die moeite werd is om jou daarmee besig te hou nie, veral ook die hoe-vraag! Wat 'n mens in die geskiedenis van die filosofie soek of daarvan verwag, sal ook jou metode medebepaal.

Kom ons kyk kortlik of 'n mens nie kosbare tyd verspil om jou in die geskiedenis van die filosofie te verdiep nie.

Baie mense beskou die geskiedenis as iets wat vir goed verby is, iets van die verlede. (Iemand het eenkeer die geskiedenis beskrywe as "a tale told by an idiot, full of sound and fury and signifying nothing".) Om die geskiedenis te bestudeer is dus net so sinloos as om ou koeie uit die sloot te grawe! Waarom laat ons nie liewer die filosowe wat so lank gelede al oorlede is, met rus nie? Die antwoord is baie eenvoudig: Omdat hulle ons nie met rus laat nie!

Soos 'n boom hom nie kan losmaak van die grond waaruit hy groei nie, of soos 'n mens hom nooit van sy voorgeslagte kan losmaak nie, omdat hy erflike faktore saamdra wat bepaal hoe hy sal lyk of wat sy geaardheid sal wees, so kan 'n mens jou ook nie van die geskiedenis losmaak nie. Bilderdijk het tereg gesê: In die verlede lê die hede (opgesluit).

Niemand van ons kan by die begin begin nie (dit wat net Adam en Eva se voorreg). Elkeen van ons begin met 'n bepaalde agtergrond, 'n sekere tradisie, 'n besondere geskiedenis. Selfs iemand wat hom teen sy geestelike erfgoed verset, lewe nog daarvan - hy het dit as 'n springplank nodig om verder te kom!

As ons dan nie van die geskiedenis van die filosofie kan loskom nie, omdat dit ons nie loslaat nie, wat is dan die nut om daarmee besig te wees?

Ek noem net twee goeie redes.

In die eerste plek staan elke mens voor die misterie van sy eie menswees en van die wêreld as geheel. Hy moet antwoorde vind op fundamentele vrae soos: Wie is ek, wie is God? Wat is my verhouding tot God? Wat is die

maatstawwe waarvolgens ek moet lewe? Wat is goed en wat is sleg? Hoe kan ek ware kennis en wysheid vind waarop ek sal kan vertrou? Wat is die sin en doel van my bestaan?

Dit is die diepste en moeilikste vrae waarmee die mens hom kan besig hou. Maar terselfdertyd bepaal die antwoorde daarop 'n mens se hele lewe. Die geskiedenis van die wysbegeerte toon aan ons hoe die grootste geeste in die verlede met hierdie grensprobleme geworstel het en wat hulle antwoorde daarop was. Nie een van hulle antwoorde was finale oplossings nie - al het baie van hulle so gedink. Hulle worsteling was egter nie tevergeefs nie. Om daarna te luister is vir ons 'n skoling in ons soeke na eie antwoorde.

In die tweede plek kan 'n mens verder en wyer sien as jy die geskiedenis van die filosofie ken. Jy is soos 'n kleuter wat op sy pa se skouers sit. Omdat jy op die skouers van die reuse van die menslike denke kan sit, word jou gees verruim. Jy leef nie alleen by die hede, die modefilosofie van die dag nie. Jy het 'n wye perspektief, kan vergelyk en sif en die kaf van die koring skei. Dit kan verhoed dat jy 'n uitgetrapte doodloopstraat in jou denke bewandel terwyl jy in die waan verkeer dat jy iets splinternuuts ontdek het! Dit kan jou waarsku om nie in dieselfde valse dilemmas as jou voorgangers te verval nie.

Maar, hoor ek u vra, is filosofie dan nie maar net blote spekulasie, teoretiese bespiegeling, abstrakte studeerkamer-geleerdheid nie? Het dit werklik enige invloed op die alledaagse praktyk?

Die skeiding tussen teorie en praktyk wat u vraag verraai, bestaan ongelukkig nie. Wetenskaplike - en ook filosofiese - beskouings kan dodelike gevolge hê. Sekere denkbeelde in byvoorbeeld die moderne filosofie, sielkunde, biologie en politieke denke kan, as hulle goddelose gedagtes is,

mense dood. As hulle egter in die lig van God se Woord gebore is, kan hulle 'n middel wees waardeur vrede en herstel bevorder word.

Agter die masjiengeweer sit die pen, die revolusionêre oortuigings van mense. Denkbeelde bly nie sonder voete nie, hulle sypel in, hulle marsjeer deur die geskiedenis ... Tereg sê die Bybel dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie maar teen geestelike magte en die bose geeste in die lug. En hierdie geestelike stryd woed op die gebied van die filosofie seker die hewigste.

Ons gevolgtrekking? Kennis van die geskiedenis van die filosofie is nie net die moeite werd nie, dis dubbel en dwars die moeite werd. Dit is 'n moet vir elkeen wat nie met oogklappe deur die lewe wil gaan nie.

Maar kan 'n Christen ook van 'n heidenfilosoof iets leer?

Die antwoord is dat ons die ongelowige denke moet verstaan omdat ons tyd so daarvan deurtrek is. As ons dit nie doen nie, sal ons ook ons eie tyd nie begryp nie. Dan sal ons ook nie vir ons tyd 'n verlossende boodskap kan bring nie, omdat ons nie weet waar die knelpunte lê nie.

Verder kan 'n mens van alle denkers (ook die van Grieke en Romeine) iets leer. Deur God se genade heers die leuen nog nie totaal in die wêreld nie. Daar is waarheidsmomente, oomblikke van helderheid by elke filosoof. Augustinus het gesê ons moet soos die Israeliete by hulle uittog uit Egipte maak: ons moet die goud en silwer saamneem om 'n huis vir die Here te bou, maar die afgode moet ons agterlaat. Ons kan hierdie uitspraak van Augustinus ook krities bekyk, maar dit val tog mooi in 'n beeld saam dat 'n mens sonder die denke van die ongelowiges filosofies selfs armer sal wees.

* * *

In die loop van die geskiedenis het die een na die ander

woudreus omgeval of is dit vir die saagmeule en die houtfabriek omgekap. Maar dit is nog steeds van waarde. En ons het die taak om die verskillende houtsoorte te ondersoek. Elkeen van hulle is anders. Uit die kleur, tekstuur en (wanneer hulle gesaag word) reuk is dit baie duidelik.

So sal ons ook die grotes op die gebied van menslike denke in die lig van hulle nalatenskap (geskrifte) moet bekyk, bevoel en beruik om vas te stel uit watter hout hulle gekerf was!

Hiervoor het ons egter 'n goeie metode nodig: die geskiedenis van die Westerse filosofie is oud (plus minus 2500 jaar) en gekompliseerd!

Moontlik ken u die verhaal van die Persiese sjah Zémiris. Toe hy as jong vors begin regeer het, was hy weetgierig en ondernemend. Hy gee aan die geleerdes in sy ryk opdrag om 'n geskiedenis van die filosofieë van die hele wêreld te skrywe.

Dit was egter 'n tydrowende taak en het twintig jaar se harde werk geverg voordat die Persiese Akademie aan Zémeris die vrug van hulle studie kon aanbied. Twaalf kamele het geswoeg onder vyfhonderd dele geskiedenis van die filosofie!

Zémeris was egter te besig om dit te lees. Hy gee opdrag dat die werk verkort moet word sodat hy wel tyd sou kon vind om dit te bestudeer. Die geleerdes met hulle swaargelaaide kamele keer dus weer huiswaarts met 'n nog moeiliker opdrag as wat hulle aanvanklik ontvang het. Die een vind dit belangrik en die ander dat! Voordat hulle dit besef, het nog twintig jaar verloop alvorens hulle die geskiedenis van die wêreldfilosofie tot een band kon verkort. Na veertig jaar het die geleerdes nie net gryser nie maar ook wyser geword ...

Maar toe hulle met die eindresultaat van hulle werk by die paleis aankom, moes hulle verneem dat die sjah dodelik siek is. Hy sou hulle boek nie meer kon lees nie.

Die waardige ou sekretaris van die Akademie met sy lang wit baard en grys kop buig oor die bed van die sterwende sjah en fluister in sy oor: "Majesteit, ek kan die geskiedenis van die ganse menselike denke vir u in die volgende paar woorde saamvat..."

**Vereistes vir ŉ metode om die geskiedenis van die filosofie te bestudeer**

N.T. van der Merwe het reeds duidelik sewe hoofkenmerke van ŉ basiese wetenskaplike metode geïdentifiseer. ŉ Metode veronderstel onder andere ŉ *doel* (byvoorbeeld oorsig van en insig in ŉ bepaalde gebied), noukeurige *beplanning* hoe om die doel te bereik, *uitvoering* daarvan deur ŉ *persoon* (of mensbeheerde apparaat) met inagneming van die *materiaal* wat bewerk moet word, en die *middele* wat hy tot sy beskikking het. Van der Merwe het ook aangetoon dat ŉ metode op (wetenskaplike en voorwetenskaplike) aannames of voorveronderstellings berus en dus nie neutraal kan wees nie.

Op grond hiervan stel ons veral twee vereistes aan ŉ metode waarmee die geskiedenis van die filosofie bestudeer sal word:

* *Dit moet werklik "in U lig" uitgebou wees,* waarmee bedoel word dat een van die gangbare metodes op die gebied nie maar "besny" word of Christelike "gedoop" word nie. Die lig van die Woord van God moet op so ŉ wyse daarin verwerk wees dat die metode ons in staat stel om die geskiedenis van die filosofie werklik tot op die been te peil, dit soos ŉ X-straal te deurlig.

* *Dit moet werklik ŉ wysgerige metode wees,* waarmee

bedoel word dat dit moet pas by die materiaal wat bewerk moet word, naamlik die geskiedenis van die filosofie. 'n Nie-filosofiese metode mag nie maar op die veld van ondersoek afgedwing word nie.

H.G. Stoker het al beklemtoon dat die metode moet aansluit by die ondersoekgebied. In 'n beeld gestel: 'n mens sny nie 'n boom met 'n skeermeslemmetjie af en kap jou baard met 'n byl nie!

Aangesien die filosofie se ondersoekgebied baie breed is (die hele werklikheid) en nie net 'n bepaalde faset (soos in die verskillende vakwetenskappe nie), sal die metode breed genoeg moet wees. En as een metode alleen nie so 'n wye terrein kan dek nie, sal dit deur ander aangevul word, en/of dit sal ook van nie-filosofiese hulpmiddele (soos byvoorbeeld die filologie, politieke geskiedenis, kunsgeskiedenis ensovoorts) gebruik moet maak.

Dit is ook goed om in gedagte te hou dat ons in die geval van 'n metode van wysgerige historiografie met iets heel besonders te make het, naamlik filosofiese denke oor filosofiese denke! Ons het hier 'n abstraksie in die tweede graad. Die filosoof as 'n weergawe van die werklikheid (die primêre stand van sake) is alreeds 'n abstraksie. Wanneer ons met behulp van ons metode van filosofiese geskiedbeskrywing sy denke evalueer, beteken dit 'n abstraksie van 'n abstraksie!

Dit is belangrik om nou reeds te stel dat die konsekwent probleemhistoriese metode (in vervolg afgekort as KPHM) alleen nie die enigste metode van wysgerige historiografie is waarmee selektief slegs in bepaalde aspekte van die ryk veld gedelf word. Die metode mag dus nie beskuldig word dat dit sekere fasette - wat dit nie kan dek en ook nie voorgee om te dek nie - nalaat nie. Die naam van die metode (konsekwent probleemhistories) stel duidelik sy moontlikhede en ook sy beperkinge.

Laat ons nou hierdie metode aan die reeds gestelde dubbele maatstaf toets: is dit werklik "in U lig" uitgebou (dit wil sê Skrifmatig) en is dit werklik wysgerig (sodat die hele werklikheid daarin "gevang" kan word)?

## IS DIE KPHM SKRIFMATIG EN WYSGERIG?

Aan hierdie twee maatstawwe moet Vollenhoven se metode getoets word. Dit bied terselfdertyd die geleentheid om in hooftrekke te verduidelik wat die metode behels.

### Skrifmatig?

*Friedrich Ueberwegs Grundriss der Geschichte der Philosophie* is seker *die* standaardwerk op die gebied van die Geskiedenis van die filosofie. Die meeste van die vyf dele het die afgelope 50 jaar reeds 'n dertiende druk (in 1953) belewe! Dit gee nie alleen akkurate en breedvoerige inligting nie maar ook bibliografiese gegewens wat geen ander werk bied nie.

Hoe staan die skrywers (aan die laaste uitgawes het 'n hele span geleerdes meegewerk) van hierdie voortreflike werk teenoor die rol van die Christendom in die filosofie? Hulle veroordeel almal die Patristiese en Middeleeuse denke, omdat filosofie toe met die inhoud van die Skrif en die leer van die kerk vermeng is. Berhard Geyer, wat vir deel 2: *Die patristische und scholastische Philosophie* verantwoordelik was, huldig as Rooms-Katoliek wel 'n ander standpunt. Hy sien hierdie periode as goue tydperk, omdat, volgens hom, 'n volmaakte sintese tussen antieke (heidense) filosofie en die Christelike geloof bereik is.

Nie een van hierdie standpunte bevredig ons nie: nòg die uitban van die Skrif, nòg die ontkragting daarvan deur 'n huwelik met Bybelse vreemde gedagtes.

Vollenhoven gebruik in sy metode die Skrif juis as die

beslissendste toetssteen. Hoe bepaal hy met behulp van die Skriflig uit watter soort hout ŉ filosoof gekerf is? Hy toets elke filosofie op nie minder as drie vlakke nie.

As u my vergun om die beeld van die verskillende houtsoorte verder uit te werk: hy kyk goed na die eie kleur van die filosofie, hy saag die hout en ruik die besondere geur, hy skaaf dit en betas dit om die unieke tekstuur vas te stel.

***Die "kleur" is die gees of religieuse rigting wat uit ŉ bepaalde filosofie straal***

Vollenhoven vra regstreeks aan elke denker: "Wat het jy met die Woord van God gemaak?" (Dit is nie ŉ bloot formele vraag nie - Vollenhoven wil nie net weet of ŉ bepaalde filosoof van die Skrif geweet het nie maar of sy filosofie ook inhoudelik daarvolgens gestalte gekry het.)

* *Die Griekse en Romeinse denkers van die Oudheid* (± 500 v.C. - 100 n.C.) sê dat hulle die Bybel glad nie geken het nie.

* *Die Kerkvaders en die Middeleeuers* (± 200 tot ± 1400 n.C.) antwoord dat hulle nie alleen na die Woord van God kon luister nie, omdat hulle ook met die belangrike filosofiese erfenis uit die Oudheid rekening moes hou. Hulle het dus in hulle sintesefilosofie twee here gelyktydig probeer dien.

* *Die periode van die geskiedenis vanaf Renaissance en Reformasie* ± 1500 en daarna) lewer die derde antwoord op: Al hierdie denkers hou niks van die kompromiegees van die Middeleeue nie. Dit is egter ook hoe ver hulle eenstemmigheid strek. Want die Renaissancemens (en al sy talle navolgers in die Westerse geskiedenis) hou nie van die sintese nie, omdat die Christelike element daarin vir hom ŉ steen des aanstoots is, terwyl die Reformatore (en hulle klein

getal geestelike kinders) juis die heidense element uit die weg wil ruim om weer na die onvervalste Woord van God te kan luister!

Hierdie drie antwoorde, wat die diepste religieuse ingesteldheid van denkers blootlê, laat Vollenhoven die geskiedenis van die Westerse filosofie in *drie hooftydperke* indeel:

* die *voorsintesedenke* van die Oudheid;
* die *sintesedenke* van die Patristiek en Middeleeue;
* die *antisintesedenke* daarna.

Hier onderskei hy tussen antisinteties links (diegene wat met die Skrif breek) en antisinteties regs (hulle wat met die Woord rekening wil hou).

Weens ruimtegebrek kan ek nie hier op die begrip "sintesedenke" (in onderskeid van byvoorbeeld sinkretisme en eklektisisme) ingaan nie. (Vergelyk in die verband my werk *Christen en kultuur* (1981), p. 93-94.)

Die taamlik gangbare indeling van die geskiedenis in Antieke, Middeleeuse en Moderne filosofie is nie baie sinvol nie. (Is die Middeleeue slegs middel-eeue en wie bepaal wat modern is?) Vollenhoven vervang dit nie alleen met iets meer sinvols nie maar slaag ook daarin om dit "in U lig" te doen! Dit is die eerste faset van sy metode wat die Skriflig toelaat om soos X-strale 'n filosoof se denke tot op die been te peil: hy is òf 'n heiden voor die koms van Christus òf 'n halfhartige Christen òf 'n heiden wat Christus doelbewus verwerp, òf 'n Christen wat in sy hele lewe - ook in sy filosofie - God se Woord wil gehoorsaam.

Myns insiens is hierdie indeling van Vollenhoven ook verkieslik bo dié van die ander vader van die Calvinistiese filosofie in Nederland, H. Dooyeweerd (1894-1977). soos u heel moontlik weet, deel Dooyeweerd die Westerse kultuurgeskiedenis en filosofie volgens drie religieuse grondmotiewe in, naamlik

die van vorm-materie (by die Grieke), natuur-genade (by die Middeleeue) en natuurvryheid of wetenskapsideaal-persoonlikheidsideaal (van die moderne tyd). Die Skriftuurlike grondmotief sien hy as skepping - sondeval - verlossing.

Self het ek heelwat probleme met Dooyeweerd se vier religieuse grondmotiewe.

In die eerste plek is dit nie duidelik wat hierdie religieuse grondmotiewe presies is nie. Hy noem dit 'n gees of geestelike dryfkrag wat gemeenskapstigtend is, wat die individu en sy lewensbeskouing totaal beheers en nie aan wetenskaplike ondersoek onderwerp kan word nie. Tereg het iemand gesê dat dit hom baie laat dink aan Aristoteles se bo-individuele, universele denkgees wat op die mens se individuele gees inwerk. (Dit lyk ook baie op Heinemann se "Grundmotive", Heimsoeth se "Grossen Themen" en Cassirer se "Grundtendenze".)

As 'n mens na die inhoudelike tiperinge van die verskillende grondmotiewe kyk, wonder jy of hulle almal werklik geestelike *dryfvere* kan wees. Is natuur - genade nie eerder 'n *skema* en skepping, sondeval 'n verlossing 'n *samevatting* van die inhoud van die Skrif nie? En as laasgenoemde 'n samevatting van die Skrif is, dan is ek nie daarvan oortuig dat dit 'n korrekte opsomming van die openbaring in die Skrif is nie.

In die tweede plek - en dit is in hierdie geval die belangrikste - dink ek nie dit is moontlik om met net vier religieuse grondmotiewe reg te laat geskied aan meer as 2500 jaar filosofiese denke wat 'n massa materiaal met 'n ryke verskeidenheid opgelewer het nie. Talle individuele filosofieë vervaag in hierdie simplisistiese skema agter die één religieuse grondmotief wat die uiteenlopende wysbegeertes van 'n lang tydperk opgeplak word. Eintlik was hiervolgens alleen Aristoteles by die Grieke, Thomas van Aquino in die Middeleeue en Immanuel Kant gedurende die moderne tyd van belang. (Dit nog afgesien van die vraag

of dit regverdig is om Aristoteles aan die vorm-materieskema, Thomas aan natuur-genade en Kant aan die natuur-vryheid-dialektiek op te hang!) Die vorm-materieleer was nie vir die hele Griekse filosofie tiperend nie, net so min as wat die natuur-genadeskema die hele periode van die Patristiek en Middeleeue kan tipeer of die natuur-vryheiddia-lektiek die Moderne tyd kan beskrywe.

Die groot probleem met Dooyeweerd se religieuse grondmotiewe is dus dat dit onnoukeurig is en nie aan die ondersoekgebied reg laat geskied nie. Vollenhoven het wel net drie tydperke (teenoor Dooyeweerd se vier motiewe), maar ons weet presies wat hy daarmee bedoel) dis nie so vaag soos Dooyeweerd se religieuse grondmotiewe nie). Verder is dit antwoorde op vrae vanuit die Skrif gestel, en hierdie antwoorde klop met wat in werklikheid in die geskiedenis van die filosofie gebeur het. Daarbenewens volstaan Vollenhoven nie met sy indeling van die geskiedenis in drie tydperke nie. Hy gaan - soos ons nog sal sien - verder, sodat dit op die ou end moontlik is om elke individuele denker se standpunt te tipeer.

Hierdie enkele vrae by Dooyeweerd se transendentaal-kritiese metode beteken egter nie dat ek geen waardering daarvoor het nie. Basies wou Dooyeweerd en Vollenhoven dieselfde doen. Terwyl eersgenoemde die geskiedenis van die filosofie in *drie tydperke* (eintlik vier tydperke as ons onthou dat die antisintesedenke twee radikaal verskillende tendense insluit) indeel, deel laasgenoemde dit in volgens *vier religieuse grondmotiewe*. Soos Vollenhoven onderskei ook Dooyeweerd verskillende *strominge* in die geskiedenis van die filosofie - al werk Dooyeweerd dit nie in soveel besonderhede uit nie. En laastens kry ons soortgelyk aan Vollenhoven se *tipes* by sy swaer die gedagte van ŉ *grondidee* by elke filosoof.

Albei hierdie Calvinistiese denkers wou in die lig van die Skrif tot die wortel van ŉ bepaalde filosofiese denksisteem

deurdring. Dat hulle dit elk op 'n eie, karakteristieke wyse gedoen het, mag ons nie daartoe verlei om hulle teen mekaar af te speel nie.

*Die "geur" van sy wysbegeerte is die besondere wetsidee wat 'n filosoof huldig*

Die Woord van God openbaar duidelik aan ons dat God daar is, dat Hy die skepping in aansyn geroep het en dat Hy die skepping (insluitende die mens) aan verskillende wette onderwerp het. Vir die natuur is hierdie wette dwingend, maar by die mens is dit verengend: dit sê vir hom wat hy behoort te doen. die sentrale wet wat vir die mens geld, is die liefdesgebod. Hierdie gebod moet hy op talle terreine op 'n eiesoortige wyse positiveer of gestalte gee.

Vollenhoven gaan dus verder. Hy vra nie bloot die formele vraag, naamlik wat 'n bepaalde filosoof se houding teenoor die Woord was nie, maar ook inhoudelike vrae na aanleiding van wat die Bybel aan ons openbaar. Dit is nie omdat Vollenhoven mense (byvoorbeeld die Grieke, wat die Bybel nie geken het nie) onregverdig wil veroordeel nie, maar omdat hy daarvan oortuig is dat die Bybel alleen op sulke fundamentele vrae die ware lig kan verskaf.

Die tweede vraag wat elke filosoof volgens die KPHM moet beantwoord, is: Waar het jy jou laaste sekerheid gesoek en gevind? Hoe het jy daarvolgens bepaal wat reg of verkeerd, waar of vals, mooi of lelik is?

Reeds by die Griekse denke lewer hierdie vraag interessante resultate op. As heidene het die Griekse filosowe nie geweet dat God die wette gestel het om vir die skepsele te geld nie. Daarom het hulle die wette óf binne (in die wetsonderdane of hulle kwaliteite) óf buite die kosmos gesoek. Verder het hulle ook nie God se sentrale liefdesgebod geken nie en gevolglik die modale wette oorbeklemtoon.

In die derde plek word die wet heel vroeg in die geskiedenis van die Griekse filosofie met die universele verwar en vereenselwig. (Universeel-individueel is een van die grondtrekke van alle geskape dinge en nie dieselfde as wetsonderworpenheid nie.)

Vollenhoven noem drie benaderingswyses: die subjektivistiese, objektivistiese en realistiese.

* *Subjektiviste*

Hulle het nie skerp genoeg onderskei tussen die skepsels, onderdane of subjekte en die wette, norme of beginsels waaraan hulle moet gehoorsaam nie. Die diepste rede hiervoor is natuurlik dat hulle nie God as Wetgewer erken het nie. Hulle het nie besef dat God, wat alles *geskep* het, wette vir die geskapene *gestel* het nie. Daarom kon hulle nie duidelik onderskei tussen skepsels wat *is* en wette wat *geld* nie. Hulle identifiseer die wet dus met iets van die kosmos. Die gevolg is dat iets kreatuurliks nou sy eie wet is.

Aanvanklik is die subjektiewe wette nog in iets kreatuurliks buite die mens gesoek. Reeds spoedig in die Griekse filosofie (onder andere by die Sofiste) word die mens self die maatstaf van alle dinge (byvoorbeeld by Protagoras van Abdera). Wat die mens kan dink/doen, mag hy ook dink/doen! Daar is geen ander maatstaf wat van "bo" (deur God gestel) geld nie.

Dit is onnodig om te sê dat subjektivisme die deur tot individualisme, relativisme, pragmatisme, selfs anargisme en uiteindelik nihilisme open. elke individuele mens het sy eie "beginsels" en bepaal self wat vir hom waar, reg, goed en mooi is. Die sekerheid en vastigheid waarna so naarstiglik gesoek is, kon die subjektiviste nie vind nie - hulle het by die teendeel daarvan uitgekom!

Van die drie beskouings oor die wet was dit juis die subjektivisme wat eindelik (reeds by die Grieke) die oorhand gekry het en tot vandag toe - al is dit in ander vorme - ons Westerse denke beheers.

* *Objektiviste*

Hulle kry ook vir ŉ ander interessante faset van die skepping, naamlik die eienskappe van die konkrete dinge soos kleure, klanke, afmetings ensovoorts, ŉ oog. Die kwaliteite van dinge bepaal in ŉ groot mate wat die dinge kan doen of wat daarmee gedoen kan word. Dink maar net daaraan hoe ons daaglikse handelwyse beïnvloed word deur wat ons sien, ruik, hoor en voel, of hoe die kunstenaar moet soek na die geskikte materiaal met net die regte kwaliteite om sy kunswerk van te maak.

Ongelukkig verlei dit die objektiviste om die vaste grond, basiese sekerheid, die riglyne vir die lewe in hierdie objekte te soek. Die objekte is nou die wette vir die subjekte! ŉ Objek (byvoorbeeld die verleidelike geur van jou meisie se parfuum) mag jou handelwyse wel beïnvloed, maar dit mag nooit die norm vir jou gedrag word nie!

Ook die objektivis soek die grondsekerheid êrens in die skepping, sodat die objektivisme op die keper beskou geen verbetering op die subjektivisme bied nie en absolute sekerheid hulle bly ontvlug.

* *Realiste*

Die groot denker Plato gee ŉ derde antwoord op Vollenhoven se vraag in verband met die wet. Omdat hy goed besef het dat nòg subjektivisme nòg objektivisme enige defnitiewe sekerheid kan bied, soek hy die wet buite die kosmos. Die wet is ŉ *ding* (Latyn *res*, vandaar "realisme" genoem) wat *selfstandig* buite die skepping is en wat as ideale *voorbeeld* (van wat waar, goed en mooi is) vir ons toon

hoe om te lewe. (So word Plato die eerste Griekse denker wat twee afsonderlike "syne" erken.) Met ons *rede* kan ons hierdie "wette" ken.

Ook die grote Plato het egter misgetas. Die wet is volgens die Skrif nie 'n "ding", iets kreatuurliks bo of agter die skepping nie, maar sy synskarakter is iets totaal anders as dié van die skepping. Dit is ook nie selfstandig, los van God, die Wetgewer, nie. Verder is dit nie net maar 'n voorbeeld vir ons wat deur ons rede beskou kan word sodat ons dit kan navolg nie. Nee, volgens die Skrif moet 'n mens in die regte verhouding met God staan om sy wet te kan ken, en dan bewe jy voor die eis van gehoorsaamheid wat God daarin stel.

Soos hierbo vermeld het die subjektivistiese wetsidee (mede as gevolg van die opkoms van die aprioriteitstema, wat ek vanweë ruimtegebrek hier nie behandel nie) seëvierend uit die stryd getree. Dit loop tot op die huidige dag deur.

Die geskil wat na die Grieke tot verskillende filosofiese strominge aanleiding gegee het, het hoofsaaklik oor bysake gegaan, terwyl hulle almal in hulle verwerping van objektivisme en realisme ooreengekom het. So is die stryd tussen rasionalisme en irrasionalisme (of tussen verskillende tipes irrasionalisme) in ons eie tyd slegs 'n storm in 'n glas water, 'n interne geveg tussen faksies van die (subjektivistiese) oorwinnaars - baie lank nadat die beslissende slag reeds gelewer is.

Met hierdie indeling in 'n groot verskeidenheid strominge toon Vollenhoven aan hoe daar as gevolg van hulle gemeenskaplike normbesef - ten spyte van verskil op ander punte - 'n gemeenskaplike band tussen 'n hele groep denkers kan wees. 'n Stroming bind verskillende filosowe tot 'n historiese eenheid saam. Hierdie wisselende, opeenvolgende denkstrominge is 'n belangrike oorsaak vir die dinamiek

in die geskiedenis van die Westerse filosofie.

As ons dit vinnig weer met 'n paar gangbare metodes van wysgerige historiografie vergelyk, dink ek tog dat Vollenhoven ons hier 'n stappie verder bring as die feitlik bloot chronologiese metode van onder andere Diels-Kranz (in *Fragmente der Vorsokratiker*) of F. Sassen (in sy meerdelige reeks oor die geskiedenis van die filosofie). Die geskiedenis van die filosofie is vir Vollenhoven meer as 'n chronologiese versameling van filosofiese uitsprake, want hierdie uitsprake is gemaak deur lewende mense wat probeer het om belangrike lewensvrae op te los. Terselfdertyd is dit gemaak binne 'n bepaalde - dikwels verwikkelde - historiese konteks. Om hierdie rede bevredig F. Copleston se populêre reeks werke ook nie: dit gee hoofsaaklik 'n oorsig en nie soseer 'n samehangende interpretasie van die geskiedenis van die filosofie nie. Hoewel W. Windelband en H. Heimsoeth in hulle werk oor die geskiedenis van die filosofie die sistematiese probleme wil beklemtoon, is die invloed van die politieke geskiedenis duidelik en word hulle historiografie gedeeltelik tog weer deur 'n klassifikasie volgens eeue (dit wil sê ongeveer chronologies) gekenmerk. Die skrywers van die laaste drie bande van die vroeër genoemde *Ueberwegs Grundriss der Geschichte der Philosophie* pas veral nasionaal-psigologies-geografiese metode toe. 'n Sekere "Völkerpsychologie" (etniese psigologie) lê aan hulle historiografie ten grondslag. Volgens hulle is die "gees van 'n volk" bepalend vir die filosofie, sodat hulle dan ook afsonderlike afdelings aan byvoorbeeld die Italiaanse, Duitse, Franse, Engelse en Spaanse filosofie wy. Natuurlik sit daar 'n waarheidsmoment in dat bepaalde volkere bepaalde filosofieë kan huldig, maar dit kan nooit 'n waterdigte indeling bied nie. Verder is dit onwetenskaplik om 'n nasionaal-psigologiese metode op die geskiedenis van die filosofie toe te pas: die metode pas eenvoudig nie by die ondersoekgebied nie!

*Die "tekstuur" van sy denke is die unieke wyse waarop elke wysgeer die werklikheid sien*

Hoe elke filosoof die werklikheid "afgetas" het, kan ons aan sy filosofie "voel". En Vollenhoven het die filosofiese kant van die geskiedenis deeglik bevoel om die eike, embuia, kiaat, geelhout, rooi- en swartivoor, swarthout en stinkhout van die dennehout en populier te onderskei.

Filosowe is vraende wesens. Hulle het nie die antwoorde op al die vrae - soos algemeen aanvaar word nie - maar eerder die vrae op al die antwoorde. Daar is sekere basiese vrae - so het Vollenhoven ontdek - wat elke nuwe filosoof weer opnuut stel en sy eie antwoorde op gee!

Sulke vrae is onder andere: Waar kom die werklikheid vandaan? Hoe het dit oorspronklik daar uitgesien? Verder is byna elke filosoof deur die raaiselagtige verhouding tussen die universele en die individuele geboei: Hoe is dit dat ons almal mense is en tog elkeen 'n unieke wese is? Wat maak van 'n eik 'n eik, 'n sering 'n sering en 'n perske 'n perske en waarom noem ons hulle tog almal bome?

Deur al die eeue het die mens hom ook oor homself verwonder: Wat se "ding" is hy presies? Waar kom hy vandaan, hoe sit hy inmekaar (bestaan hy uit siel en liggaam), wat is die sin van sy bestaan en wat is sy bestemming? Hoe moet hy met sy medemens saamlewe? Hoe kan hy ware kennis bereik? ens. ens.

Vollenhoven vra - weer by die lig van die Skrif - wat elke denker se antwoord hierop was. Dit is vir my onmoontlik om al die antwoorde hier te gee - die bedoeling is immers nie om die KPHM volledig te behandel nie. Dus: slegs enkele voorbeelde van die "teksture" wat hy ontdek het.

* Op die *oorsprongsvraag* is daar diegene wat die mite

(die resultaat van afvallige geloofsfantasie) te hulp geroep het om te verduidelik hoe die werklikheid begin het. Hulle heet dus mitologiserende denkers. Andere het dit verwerp: hulle noem hy nie-mitologiserend. Binne hierdie groep is daar onderling verskil: die louter kosmologiese filosowe wil die ontstaansvraag verontagsaam en net oor die kosmos soos wat dit bestaan, filosofeer, terwyl die kosmosgone-kosmologiese wysgere tog nie die kwessie van ontwikkeling *(genesis)* heeltemal van die tafel reel nie.

* Op die vraag *hoe die kosmos oorspronklik daar uitgesien het,* is daar hoofsaaklik twee standpunte. Die een groep denkers sê dit was 'n eenheid, sodat die verskeidenheid wat ons in die kosmos bemerk, bloot van sekondêre aard is. Die ander groep beweer dat die veelheid (gewoonlik 'n tweeheid, naamlik 'n transendente en nie-transendente) van die begin af daar was. Hulle staan dus voor die probleem waarin die kosmos dan sy eenheid vind. Eersgenoemde groep noem Vollenhoven *moniste,* en laasgenoemde tipeer hy as *dualiste.* Die basiese vertrekpunt van hierdie twee groepe bepaal natuurlik ook hoe hulle die mens sal sien: 'n eenheid of 'n tweeheid (van byvoorbeeld siel en liggaam)? En as die mens 'n tweeheid is, wat is dan die verhouding tussen sy hoëre en laere komponent? Ook hier word 'n hele rits antropologiese teorieë as oplossing aangebied.

* Op die vraag *wat die verhouding tussen die universele en individuele is,* lewer die geskiedenis boeiende teorieë. Die KPHM onderskei hier tussen universalisme (wat die universele eerste stel en die individuele in die tweede plek), individualisme (wat presies die omgekeerde doen) en parsiële of gedeeltelike universalisme, wat 'n middeweg inslaan. Onder die gedeeltelike universaliste onderskei Vollenhoven twee subtipes, naamlik die standpunt wat 'n makro-mikrokosmosteorie huldig, en diegene wat die vorm-materieleer aanvaar.

Vollenhoven toon aan hoe die denkers op al die drie genoemde vrae (oorsprong, oorspronklike toestand en individueel-

universeel) verkeerde antwoorde gegee het - juis omdat hulle die Skrif nie geken het of nie ten volle wou erken nie. Sy eie standpunt, in die lig van die Skrif verwerf, is dan ook nie een van die oplossings wat die geskiedenis opgelewer het nie, maar bring iets heeltemal nuuts na vore. Ook in hierdie opsig is dit duidelik dat Vollenhoven nie maar net 'n metode hanteer wat in naam Skrifmatig is nie.

Ek gaan nie op Vollenhoven se verdere onderskeidinge in wat hom in staat stel om naas tydperke en strominge 'n groot aantal *tipes* filosofie te onderskei nie.

Samevattend het Vollenhoven in sy metode die volgende middele om 'n denker te kan "uitruik":

* *tydperk*, wat bepaal word na aanleiding van sy houding teenoor die *Woord van God;*

* *stroming,* wat vasgestel word na aanleiding van 'n denker se siening van die *wet;*

* *tipe,* wat uit die filosoof se visie op die *kosmos* blyk.

In omgekeerde volgorde sou ons kon sê Vollenhoven se zoemlens bring agtereenvolgens drie "vlakke" van 'n bepaalde filosofie in sig. Eers val dit op die betrokke denker se visie in verband met die kosmos *(tipe)*. Daarna bring dit 'n nog verder (dieper)liggende faset na vore wanneer dit gerig word op die filosoof se wetsidee, dit waarin hy sy vastigheid en sekerheid gesoek het *(stroming)*. Omdat die wet 'n belangrike skakel tussen die skepping en die Skepper is, bereik dit vervolgens nog 'n dieper vlak, naamlik die betrokke wysgeer se verhouding tot God en sy Woord *(tydperk)*.

* * *

Ons eerste vraag (of die KPHM werklik in die lig van die Skrif uitgebou is) kan bevestigend beantwoord word.

Ons kan dus nou daartoe oorgaan om die tweede vraag wat aan die begin gestel is, te beantwoord, naamlik of hierdie metode aan die ondersoekgebied reg laat geskied.

Laat die KPHM reg geskied aan die geskiedenis van die filosofie?

Die vereiste aan die begin gestel, was dat 'n aan die ondersoekgebied vreemde metode nie op die materiaal wat bestudeer moet word, afgedwing mag word nie. Positief gestel: daar moet ooreenstemming tussen die aard van die metode en die te bestudere gebied wees. Dit is 'n belangrike vereiste hierdie.

'n Hele paar mense het Vollenhoven daarvan beskuldig dat hy die geskiedenis van die filosofie met sy metode verkrag het, dit op die Prokrustesbed van sy benadering vermink het. Hy is van 'n hokkie-vakkieskematisme beskuldig. Hy sou soos 'n Sherlock Holmes rondloop en elke wysgeer wat hy teekom arresteer, 'n etiket om die nek hang en in die spesifieke sel - wat hy vooraf reeds vir hom in gereedheid gebring het - stop. Die ruitogiesdraad van die sel is van stroming en tipe geweef en die gevangenes bly skuldig totdat hulle die teendeel bewys het!

Ek glo nie sulke kritiek kan van mense kom wat 'n bietjie kennis dra van hoe Vollenhoven te werk gegaan het nie.

In die eerste plek was sy metode nie vooraf kant en klaar uitgedink voordat hy nog eers na die geskiedenis van die filosofie gekyk het nie. Sy metode het geleidelik gegroei op grond van wat hy in die geskiedenis self ontdek het. Dit is of hy as't ware eers baie later sy metode "ontdek" het en toe eers iets daaroor op skrif gestel het. Hy gee sy metode byvoorbeeld eers in 1948 'n naam!

In die tweede plek was Vollenhoven ook steeds bereid om sy metode te verander, te korrigeer of te verbreed.

Hierdie voortdurende wysigings was dikwels die oorsaak van groot moedeloosheid by sy studente maar 'n duidelike bewys dat hy nie die geskiedenis van die filosofie in 'n voorafvervaardigde staalkorset wou inwring nie. Met sy terminologie wou hy steeds fynere besonderhede by verskillende denkers onderskei.

In die derde plek is dit ook nie so dat Vollenhoven net enkele "hokkies" in sy "rak" het waarin elke denker teen wil en dank "gepos" moet word nie. Dit is juis die gangbare handboeke vir die geskiedenis van die filosofie, wat nie meer as drie of vier etikette tot hulle beskikking het nie. Vollenhoven se metode laat etlike duisende moontlikhede toe. As die KPHM 'n filosowetronk is, dan bied so 'n gevangenis nogal heelwat moontlikhede!

Die ondersoekgebied is nie net 'n filosofie nie maar die hele geskiedenis van al die filosofieë saam. In *filosofie* gaan dit veral om basiese *probleme* waaraan elke filosofie weer opnuut knaag maar die knope nooit deurgeknaag kry nie. 'n Mens sou kon sê die steeds wederkerende probleme dui op die konstante. Hierteenoor word die geskiedenis van die filosofie soos elke ander geskiedenis deur die dinamiese, voortdurend veranderende gekenmerk. As gevolg van die soeke na vastigheid (veral dan in die norm of wet), wat nooit tot rus kom nie, is die *geskiedenis van die filosofie* steeds in beweging.

Vollenhoven wil dus aan die ondersoekgebied reg laat geskied deur sowel aan die problematiese as die historiese aandag te gee - vandaar die naam van sy metode. Blote klem op die geskiedenis is nie voldoende nie. Aan die ander kant sal die geskiedenis tot losstaande probleme verbrokkel wanneer net die filosofiese vraagstukke uitgelig word.

Die beklemtoning van die noue verband van die twee fasette van die geskiedenis van die filosofie verseker onder andere

dat die wysgerige historiograaf die probleme sien soos hulle ontstaan of op 'n bepaalde fase in die loop van die geskiedenis ontwikkel het. Dit verhoed byvoorbeeld dat 'n mens op anachronistiese wyse jou eietydse probleme in die geskiedenis indra en Sokrates 'n eksistensialis noem!

Vollenhoven is nie die eerste wat 'n probleemhistoriese aanpak gebruik nie. Waarskynlik het twee Neo-Kantiane, W. Hartman (1882-1950) en R. Honingswald (1875-1947), in dië verband op hom invloed uitgeoefen. Ook die vroeër genoemde W. Windelband bepleit in sy bekende *Lehrbuch der Geschichte der Philosophie* 'n "problemgeschichtliche Anordnung". Die belangrikste in die geskiedenis van die filosofie is vir hom die "Hauptprobleme" en "Hauptrichtungen". Soos ons reeds gesien het, is Windelband hierin nie konsekwent nie: die invloed van die politieke geskiedenis en 'n indeling van die filosofie in eeue speel onder andere ook 'n rol in sy historiografie.


Vandaar dat Vollenhoven se metode die *konsekwent* probleemhistoriese metode genoem word. Een of ander vorm van probleemhistoriese aanpak is vandag nogal gewild. Vollenhoven se besondere verdienste is egter dat hy - alreeds dekades gelede - *konsekwent* die filosofiese *probleme* in hulle *historiese gang* blootgelê het.

Interessantheidshalwe nog dit: Volgens A. Wolters was daar 'n geleidelike verskuiwing van die klem op sistematiese probleme gesien teen hulle historiese agtergrond na aksent op die behandeling van die geskiedenis in sistematiese terme. Volgens hom het Vollenhoven in die ontwikkeling van sy metode steeds meer klem op die geskiedenis gelê.

Ons antwoord op die belangrike vraag of die KPHM reg laat geskied aan sy ondersoekgebied kan bevestigend wees. Dit beteken hoegenaamd nie dat dit die enigste moontlike metode is of dat dit volmaak is nie. Elke metode het sy inherente beperkinge en eensydighede. (Daar is nie

"method" in baie ouens se "madness" nie, maar elke "method" het ook sy eie "madness"!) Verglyk ons egter die KPHM met al die metodes op hierdie gebied tans tot ons beskikking, is dit duidelik dat dit baie gebreke van vorige metodes uitgeskakel het.

DIAGRAMMATIESE SAMEVATTING



* Filosowe A, B en C se wysgerige konsepsies verskil nie alleen wat die stroming betref waarin hulle staan nie (subjektivisme, objektivisme en realisme), maar ook wat hulle tipe filosofie betref: hulle huldig elkeen 'n ander standpunt oor die oorsprong van die werklikheid. Hulle diepere verwantskap kom egter daarin na vore dat hulle al drie Griekse filosowe is uit die tydperk voor die sintesefilosofie.

* Filosoof D het, hoewel hy in 'n heeltemal ander periode (sintesefilosofie) val, heel waarskynlik invloed van filosoof C ondergaan - al was hy 'n voorsintesedenker - want hulle het identiese tipes filosofie. Sistematies is hulle familie van mekaar.

* Filosoof D en E verskil wel in die tipe filosofie wat hulle huldig (die "tekstuur" in terme van ons vroeëre beeld), maar is heel waarskynlik tydgenootlike familie omdat hulle in dieselfde stroming geplaas is. (Die "geur" van hulle denke is dieselfde.)

* Filosoof E was 'n dinamiese denker. Hy het nie sy hele lewe lank dieselfde standpunt gehuldig nie. Eers verander hy van monistiese (E1) na 'n dualistiese konsepsie (E2). Hy bly daarna sy dualisme handhaaf, maar 'n veranderde visie op die wet laat hom binne 'n nuwe stroming ressorteer (E3).

* Filosowe F en G is dit roerend eens wat die "tekstuur" van hulle filosofieë betref, maar die "kleur" (religieuse ingesteldheid) verskil radikaal: F het met die Woord van God gebreek, en G wil dit juis in sy filosofie as die absolute waarheid gebruik. Hoewel filosoof G se gesindheid reg is, dink hy nog nie radikaal Bybels nie. Die tekstuur van sy filosofie moet ook nog hervorm word in die lig van wat die Skrif aangaande die werklikheid openbaar.

* Filosoof H is werklik 'n reformatoriese denker. (Daarom

staan hy buite die hele skema). Die kleur, geur en tekstuur van sy filosofie is op 'n beslissende wyse gerig en bepaal deur die Woord van God - dit is werklik Skrifmatig.

## BESWARE TEEN EN WINSPUNTE VAN DIE KPHM

Soos elke metode het hierdie een sowel gebreke as voordele. Ek noem slegs enkeles. U sal beslis nog meer kan noem! Ek herhaal hier nie weer besware wat op die voorgaande bladsye ter sprake gekom het nie. Soos byvoorbeeld die aanklag dat Vollenhoven sy eie voorafbedagte skema in die geskiedenis van die filosofie inlees of daarop afdwing - amper soos 'n bakker 'n verskeidenheid koekies met sy verskillende koekvorms uit dieselfde deeg afdruk.

### Besware daarteen

Sover moontlik probeer ek op die besware antwoord - wat natuurlik nie beteken dat die besware nie soms op wesenlike leemtes in die metode dui nie.

* *Die metode gee nie die biografiese besonderhede van 'n filosoof weer nie*

Dit is waar dat dit nie in die skematiese kaarte weergegee kan word nie, maar niks verhinder dat dit in 'n handboek oor die geskiedenis van die filosofie (saam met die ander resultate van die metode) gebied kan word nie.

* ***Die metode laat die filosoof self nie uit die verf kom nie - hy verdwyn agter sy abstrakte filosofiese konsepsie***

Antwoord: hierdie metode stel nie in die eerste plek belang in filosowe as mense nie maar in hulle denke. As 'n denker se persoonlikheid van besondere belang vir die verstaan van sy filosofie is, kan daar gerus afsonderlik aandag aan gegee word.

* *Die ware invloed van belangrike filosowe kan nie volgens die metode aangedui word nie - dwergies staan eenvoudig op dieselfde lyn saam met groot reuse uit die geskiedenis van die menslike denke!*

Dit is weer eens waar as 'n mens die metode met die skematiese kaart van Vollenhoven vereenselwig. Kenners van die metode weet egter dat Vollenhoven se konsekwente (probleem én historiese) metode juis daarin slaag om die ontsaglike invloed van groot denkers dwarsdeur die eeue aan te toon. En die sogenaamde dwergies word deur hom nie sonder rede in sy skematiese kaarte opgeneem nie, maar juis omdat hulle 'n spesifieke nuwe bydrae tot die Westerse filosofiegeskiedenis gelewer het.

* *Die metode is baie selektief en laat verskeie belangrike filosofiese konsepsies, wat deur ander geskiedskrywers van die filosofie wel bespreek word, buite rekening*

Dit is waar, maar elke metode is "kieskeurig". Hier sit ons met die probleem of één metode gevind kan word wat die hele ryke en eeuelange terrein volledig sal kan ontgin.

* *Die ontwikkeling van bewegings, die redes vir die oorgang van een stroming in 'n ander word nie gegee nie*

Vollenhoven het (in byvoorbeeld sy *Kort overzicht* ...) wel aan hierdie worsteling van die geeste aandag gegee.

* *Is daar nie meer ooreenkomste (en verskille) tussen filosowe as net die konsepsuele (tipe) en historiese (stroming) nie?*

Dit is bes moontlik. Myns insiens is hierdie twee egter die belangrikste.

**Die metode is "vlees- en bloedloos" - dit gee slegs die skelet van 'n filosofie*

Dit is waar, maar as dit meer gee, moet sekere sterk

punte (soos byvoorbeeld die oorsigtelikheid wat dit bied) ingeboet word.

** Die metode is moeilik verstaanbaar*

Gewoonlik word in hierdie verband na Vollenhoven se kompakte styl en terminologie verwys. Hy voer egter nie 'n nuwe terminologie bloot ter wille van terminologie in nie maar om fyner en duideliker te kan onderskei. 'n Werklik wetenskaplike metode moet nie na populariteit streef nie. Wetenskaplike noukeurigheid verhinder Vollenhoven om - soos baie handboeke oor die geskiedenis van die filosofie - te praat van "die Griekse wêreldbeeld", "die Middeleeuse grondmotief", "die moderne Antropologie" of die "konsepsie van Aristoteles", terwyl Aristoteles nie net een standpunt gehad het nie maar 'n lang en ingewikkelde filosofiese ontwikkelingsgang, wat alleen met akkurate terminologie beskryf kan word.

Elke metode het tog sy eie vakterminologie. Hierdie - as u wil - wetenskaplike "kliektaal" is die "snelskrif" waarmee spesialiste kommunikeer!

** Die metode is tydrowend en dus nie baie bruikbaar nie*

Dit is waar: Vollenhoven het sy lewe lank daaraan en daarmee gewerk. 'n Mens kry egter niks wat die moeite werd is - veral nie op die gebied van die filosofie - in een dag nie. Delfwerk - ook in die geskiedenis - vra sweet. Die meeste van ons hoef egter nie die hele geskiedenis in besonderhede te beheers of boeke daaroor te skryf nie. Die metode kom ook nuttig te pas om slegs een denker of een stroming te ontleed.

Winspunte

In die voorgaande is die KPHM telkens met verskeie gangbare historiografiese metodes vergelyk. Daaruit het reeds duidelik

geblyk dat ons hier met 'n besondere metode te make het.

* Ek hoef nie weer te beklemtoon dat dit die *enigste werklik reformatoriese Bybels gefundeerde metode* is wat ons tot dusver het nie. Die meeste reformatoriese denkers was tot dusver meer geïnteresseerd in die uitbou van hulle eie sisteem as in die geskiedenis van ander standpunte!

* Verder het ek ook reeds daarop gewys dat hierdie metode - so ver ek kan oordeel - *nie doelbewus die geskiedenis van die filosofie volgens 'n vooropgesette skema vervorm het nie.*

* Dit bied 'n *nuttige oorsig* van die hele Westerse filosofie. (Die gevaar bestaan ook op hierdie gebied dat 'n mens as gevolg van die baie bome die bos naderhand nie meer raaksien nie.)

* Behalwe die *eenheid* van die geskiedenis van die filosofie laat dit *ook die groot verskeidenheid* daarin sien. (Nie net die bos nie maar ook elke individuele boom moet die nodige aandag ontvang.)

* Terselfdertyd gee dit *insig in die hooftrekke* (kleur, geur en tekstuur) van elke filosoof se denke.

* Dit het 'n *oog vir die ontwikkeling by bepaalde denkers* en beskik oor die apparaat om die ontwikkeling te kan beskrywe. (Dit waaroor Vollenhoven in die verlede belaglik gemaak is, naamlik dat hy by verskillende denkers 'n - soms ingewikkelde - ontwikkelingsgang en dus verandering van konsepsie aangetoon het, blyk vandag een van sy groot verdienstes te wees en 'n bewys daarvan dat hy ook in hierdie opsig sy tyd vooruit was!)

* Dit is in staat om *duidelik die verskille en verbande (of verwantskap) tussen verskillende denkers* te belig.

* Terselfdertyd leen die metode hom daartoe om te toon *hoe en presies op watter punte een denker 'n ander beïnvloed het.*

* Die metode is nie pas ontdek nie. Dit is al in die praktyk getoets en het *reeds verrassende resultate opgelewer.*

* Die moontlikheid van die *toepassing van die metode op ander terreine* as die suiwere filosofiegeskiedenis is nie uitgesluit nie. Die Teologie (veral dogma-geskiedenis) is 'n voor die hand liggende voorbeeld. Metode-oordrag van een vakgebied na 'n ander is nie sonde nie - solank die metode reggeslyp word vir die nuwe gebied wat dit moet ontsluit.

'n Baie belangrike faktor wat in die verlede hierdie metode - veral by jong studente in die filosofie - onpopulêr gemaak het, was seker die feit dat dit pedagogies verkeerd aangebied is. Daarom is dit van die allergrootste belang dat die metode bevatlik en eenvoudig oorgedra moet word - nie as die enigste metode nie maar wel as een van die weinig ware Skrifmatige metodes. Hierdie artikeltjie was dan ook 'n beskeie poging in die rigting.

AFSLUITEND

Die opmerksame oog en waarderende hand van die kenner kan ons ook sensitief maak vir die groot verskeidenheid "houtsoorte" uit die geskiedenis van die filosofie. Elkeen het 'n eie kleur, geur en tekstuur - 'n besondere karakter. Sommige is grof van draad, by ander is die grein baie fyn. Sommige is droog, terwyl ander (soos ons Suid-Afrikaanse tambotie en minger) hulle eie olie het. By party toon duidelike jaarringe hoe hulle gegroei en ontwikkel het, by ander is dit nie die geval nie.

Vollenhoven was so 'n kenner, wat presies kon sê uit watter hout 'n filosoof gesny is. Sy metode bring ons ook by

die pit of kern van talle "bome" uit die geskiedenis van die wysbegeerte.

D.H.Th. Vollenhoven - een van ons *philosophiae calviniae patres* - het in sy KPHM aan ons iets kosbaars nagelaat wat nog veels te weinig raakgesien is. Dit kan beslis met vrug gebruik word en bied ook moontlikhede wat verder ontgin kan word.

Sonder hierdie metode sou ons Calvinistiese filosofie beslis armer gewees het!

## GESELEKTEERDE LITERATUURLYS OOR DIE KONSEKWENT PROBLEEM-HISTORIESE METODE

Hierdie bibliografie is nie volledig nie. In hierdie publikasies sal u egter voldoende verwysings na nog meer literatuur vind. Ek het probeer om nie net geskrifte van Vollenhoven te noem nie maar ook publikasies van geesgenote wat oor die metode besin het of dit gebruik.


BRIL, K.A. 1971. Tien jaar probleemhistorische methode. Bibliografie en overzichten over de jaren 1960-1970. Amsterdam: Filosofisch Instituut, Vrije Universiteit.

BRIL, K.A. 1982. Vollehoven's laatste werk, 1970-1975. Amsterdam: V.U. Boekhandel/Uitgeverij.

BRIL, K.A. 1983. Het laaste werk van Vollenhoven. *Beweging*, 47 (1): 14-16, Febr.

HART, H. 1965. Historicale problemen. Stellingen ter bevordering van de belangstelling van de konsekwent probleem-historische methode. *Correspondentiebladen van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte*, 28:7-10, Des.

HART, H. 1965. Die probleem-historische methode van prof. D.H.Th. Vollenhoven. *Correspondentiebladen van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte*, 29:3-15, Nov.

KNUDSEN, R.D. 1960. Philosophical Historiography. *The*

*Journal of the American Scientific Affiliation.* 21(3):87-89, Sept.

RUNNER, H.E. 1958/'59. The history of ancient philosophy. Grand Rapids, Calvin College, Syllabus for Philosophy 220 (Mimeograph).

SEERVELD, C.G. 1973. Biblical wisdom underneath Vollenhoven's categories for philosophical historiography. *Philosophia Reformata,* 38:127-143.

SEERVELD, C.G. 1975. The pedagogical strength of Christian methodology. *Koers,* 40(4/5/6) 269-313.

TALJAARD, J.A.L. 1976. Polished Lenses. A philosophy that proclaims the sovereignty of God over creation and also over every aspect of human activity. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER LAAN, H. 1967. De konsekwent probleem-historische methode in confrontatie met de historiografie van de moderne wijsbegeerte. *Correspondentiebladen van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte,* 30: 15-23.

VAN DER LAAN, H. 1977. The Historiography of Philosophy. *Vox Reformata* (Reformed Theological College, Geelong, Victoria, Australia), nr. 29:1-31, Nov.

VAN DER WALT, B.J. 1970. Wysgerige Historiografie. *Perspektief.* (Potchefstroomse Universiteit vir CHO), 8(2/3):70-117, Junie 1969; 8(4) & 9(1):1-44, Maart.

VAN DER WALT, B.J. 1973. Historiography of Philosophy: The consistent problem-historic method. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 9:163-184.

VAN DER WALT, B.J. 1978. Historiography of philosophy; the consistent problem-historic method. (*In* Heartbeat; taking the pulse of our Christian theological and philosophical heritage. Potchefstroom: PU vir CHO, p. 5-29.)

VAN DER WALT, B.J. 1981. Die konsekwent probleem-historiese metode van wysgerige historiografie. (*In* Van Atene na Genève, p. 1-24. Potchefstroom: Pro Rege.)

VAN DIJK, J. 1969/'70. Survey of the history of Philosophy. (A mimeograph Syllabus for Philosophy 201: Perspectives in Philosophy) Department of Philosophy, Dordt College.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 1956. Kort overzicht van de geschiedenis

der wijsbegeerte voor den Cursus Paedagogiek M.O.A. Amsterdam: Theja.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 1961. De consequent probleemhistorische methode. *Philosophia Reformata,* 26:1-64.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 1962. Schematische kaarten met register behorend bij *Kort overzicht van de Geschiedenis der Westersche Wijsbegeerte.* Amsterdam: Vrije Universiteit.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 1979. Ancient philosophical conceptions in problem-historical layout, 6th century B.C. to 6th century A.D. Edited with a foreword by A. Tol. Amsterdam: Filosofisch Instituut, Vrije Universiteit.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 1982. Kort oorsig van die geskiedenis van die Wysbegeerte vir die Kursus Pedagogiek M.O.A. In Afrikaans verwerk deur J.A.L. Taljaard. Potchefstroom: PU vir CHO.

WOLTERS, A.M. 1970. (Herdruk 1971). An essay on the idea of Problemgeschichte. Vrije Universiteit van Amsterdam, Doktorale skripsie.

WOLTERS, A.M. 1979. On Vollenhoven's Problem-Historical Method. (*In* Hearing and doing; philosophical essays dedicated to H.E. van Runner, reds. J. Kraay & A. Tol. p. 231-262. Toronto: Wedge Pub. Foundation.)

ZUIDEMA, S.U. 1963. Vollenhoven en de reformatie der Wijsbegeerte. *Philosophia Reformata* 28:134-146.

BIBLIOGRAFIEE VAN AL VOLLENHOVEN SE GESKRIFTE:

GROEN, C. 1961. Publikaties (van D.H.Th. Vollenhoven) (*Perspectief*; Feestbundel van de jongeren bij het vijfentwintig jarig bestaan van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte. p. 99-111. Kampen: J.H. Kok.)

BRIL, K.A. 1973. A selected and annotated bibliography of D.H.Th. Vollenhoven. *Philosophia Reformata,* 38: 212-228.

PETERSEN, A.M. & DERKSEN, L.D. 1976: Bibliografie D.H.Th. Vollenhoven. Amsterdam: Filosofisch Instituut, Vrije Universiteit.

BRIL, K.A., DERKSEN, L.D. & KOK, J.H. 1979. Aanvullende bibliografie D.H.Th. Vollenhoven. Amsterdam: Filosofisch Instituut, Vrije Universiteit.